

# Hello Kitty!

'n Oulike, Onskuldige katjie?  
Of nie so onskuldig nie?



EERSTE GEBOD:

Exo 20 :3 Jy mag geen ander gode voor MY  
aangesig hê nie.



# Hello Kitty

In 1960 stig Shintaro Tsuji die Tokyo-besigheid, Sanrio, wat daarin spesialiseer om karakter gebaseerde goedere te vervaardig. Ander Sanrio goedere sluit in, Chococat, Cinnamoroll en Dokidoki Yummychums - alhoewel Hello Kitty verreweg die gewildste verkoper is. Al hierdie kreatuurtjies is ongelooflik "cute". Volwassenes sowel as kinders koop pligsgetrou omtrent elke produk van hierdie suiwer Japanese reeks. Hoekom?

Vir antwoorde het ons gaan kyk na die boek "Hello Kitty: The Remarkable Story of Sanrio and the Billion Dollar Feline Phenomenon." deur Brian Bremner en Ken Belson wat in Tokyo, Japan woonagtig is en daaglik blootgestel word aan die Japanese "pop" kultuur en sy baie vertakkings, soos bv die "kawaii" of "cute" kultuur waarvan Hello Kitty 'n voorbeeld is.

## Wat is Hello Kitty?

Sy is 'n kunstig proporsionele kinder pop. Sy is geskep om klein dogtertjies te amuseer, en daarin is sy 'n reuse sukses. Sy is geskep in 'n tydperk waar diere karakters baie gewild onder kinders was. In die vroeë **70's het Tsuji sy groep ontwerpers aangesê om diere te teken.** 'n Jong dame met die naam Yuko Shimizu, het in 1974, te voorskyn gekom met die ontwerp van "Kitty". Hierdie produk was spoedig baie gewild en het die res van die produkte se verkope verreweg oorskadu.



## Hoe het die eerste produk gelyk?

Dit was 'n klein, deurskynende viniel beursie. Kitty se afbeelding was op die kant van die beursie. Bokant die metaal knip van die beursie was die woord "Hello" in rooi letters. Dit het egter nie daarby gebly nie. Kitty verander voortdurend. Elke jaar is daar 'n nuwe tema, kleur of iets dergliks. Ongelukkig gaan dit nou elke keer van erg na erger.



## Die Hello Kitty kultus.

In 1999, is die 23jarige , nagklub ontvangsdame, Fan Man-ye, ontvoer deur 3 mans. Sy was vir 'n maand lank in hul woonstel gevange gehou en gemartel. Na haar mishandeling het hulle haar liggaam opgesny en haar kop in die kop van 'n Hello Kitty Pop geplaas. Hulle het al haar liggaamsdele vernietig, behalwe die kopbeen, 'n tand en sommige organe.

Sy was die slagoffer van die verdorwe Japanese Satanistiese Haat Kultus - "Hello Kitty".

"Hello Kitty" dra die "gees" van hierdie haat kultus oor op ons kinders. As dit nie betyds gekeer word nie, sal ons kinders begin om tekens van geweld, verontagsaming van outoriteit, haat vir hul ouers, en geen respek vir hul onderwysers te toon.

Sommige kinders sal selfs so 'n "Hello Kitty" pop koop en so verafgod dat hulle dit op 'n spesiale plekkie in die slaapkamer sal plaas, en uitermatige aandag daaraan skenk.

Wanneer daar van sulke speelgoed ontslae geraak word, sal die kind aggressief word, skop en skreeu en selfs aan die ouers slaan. Die enigste manier om daarvan ontslae te raak, is om die kind te ignoreer en dit te verbrand.

## Kat kultus in Asië en antieke Egipte

Die kat kultus het begin in antieke Egipte. Katte was beskou as heilige **diere, nie troeteldiere nie. Omdat almal katte as 'gode' beskou het, was hulle meer belangrik as mense.** As enigiemand gevang word dat hy 'n kat beseer of doodmaak, selfs per ongeluk, was hy met die dood gestraf. Wanneer 'n kat doodgegaan het, het hulle oor hom gerou, hom gebalsem en in die kat-begraafplaas begrawe.

Pibeseth is die stad wat ook Bubastis genoem word. Bubastis beteken die stad van "bastet" - die godin van vreugde en die beskermers van vroue, die kat. Egiptenare het "bast" se feesdag op die 31ste Oktober

gehou. "Bast" is die heilige kat en haar naam beteken verslindende of verterende dame. Sy is beskrywe as 'n vroue liggaam met die kop van 'n kat, presies soos ons "Hello Kitty" sal beskryf.

## Waarom het "Hello Kitty" geen mond?

Die vervaardiger, Sanrio, beweer dis omdat sy met haar 'hart' praat. Dus is sy nie gebonde deur enige taal nie. 'n Ander moontlikheid is dat daar 'n 'stom gees' daaragter skuil.

## Lesbiërs se godin.

Daar word ook gesê dat "bastet" die godin van die lesbiërs is. Onlangs het Mac Donald's 'n speelgoed reeks uitgereik van "Hello Kittys" aangetrek as 'n hy en 'n sy. Hulle het in sulke pare gekom. Twee 'dogtertjie-katjies' een soos 'n hy aangetrek en een soos 'n sy aange-trek. Is dit nie 'n onomwonde konstatering van lesbiese liefde nie?

## "Hello Kitty" Produkte

Die produkte wissel van redelik 'onskuldig' tot Godslasterlik. Van wafel panne tot tower staffies - "Hello Kitty" het dit alles. Volgens skatting is daar alreeds ongeveer 12,000 "Hello Kitty" produkte en elke jaar word daar ongeveer 600 nuwe produkte vrygestel.



"Hello Kitty" se gewildheid word misbruik om onwenslike gedrag aan ons kinders bekend te stel. Hulle is so 'lief' vir hulle 'Kitty' dat hulle die dinge wat sy simboliseer slaafs navolg en hulle glo nie dat sy iets sal doen wat verkeerd is nie. Sy is hulle rolmodel. So word ons kinders

verlei om ook die verkeerde dinge te doen.

Halloween:

Watter gelowige ouer wil hê dat hul kinders betrokke moet raak by Halloween? Maar "Hello Kitty" doen dit dan!



Vloek en skeltaal:

Geen gelowige ouer sal hul kinders leer om te vloek of skeltaal te gebruik nie. Maar weereens, "Hello Kitty" doen dit. Kan dit dan nou so erg verkeerd wees? [Links en regs onder: "BITCH, FUCK OFF".]



Efes 4:29 Laat daar **geen vuil woord** uit julle mond uitgaan nie, **maar net 'n woord wat goed is vir die** nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor.

Kuisheid:

Ons wil ons dogtertjies graag leer om kuis te wees en hulself skoon en rein te bewaar vir hul toekomstige huweliksmaats.

"Kinky Kitty" sal nou nie juis deurgaan as 'n voorbeeld van kuisheid nie. **ONSEDELIKHEID !!!**

1Tim 5:6 Maar sy wat **losbandig** is, is lewendig dood.



Hello Kitty en die sogenaamde "vredes teken" wat in werklikheid die Sataniese kruis van verwarring is:

Die kruis beteken die bevraagtekening van die egtheid van Jesus se kruisdood. D.w.s. waar is Christus, waar is die kruis? Dit staan ook bekend as die gebroke, onderstebo kruis. Moet ons onskuldige, kwesbare kinders blootgestel word aan sulke onchristelike tekens deur 'n 'geliefde' speelding?

As die teken op die hempie 'n vredes teken is, wat seek die geweer [met die kat prentjie daarop] in haar hande? Valse vrede! JESUS IS VREDEFORS



Spr 6:13 **wat met sy oë knip, met sy voete beduie, met sy vingers tekens gee;**

Spr 6:15 Daarom sal sy ondergang skielik kom, onvoorsiens sal hy verbreek word sonder dat daar genesing voor is.

Skedels, beendere en geraamtes:

Dit is simbole van dood, siekte en die kortstondigheid van die aardse lewe.

Kyk net hoe wreed is die "cute", vredeliewende katjie se oë, die bloedbesmeerde mes in haar hande en bloed besmeerde klere.

Mark 13:12 En die een broer sal die ander tot die dood oorlewer, en die vader sy kind, en die kinders sal teen hulle ouers opstaan en hulle doodmaak.



## Hello Kitty se "Voodoo" Poppie:

Wat sou die doel of nut wees van hierdie "Voodoo" Poppie? "Voodoo" poppies word hoofsaaklik gebruik vir 'tower-spreuke'. Soos ons verstaan word dit glo gebruik om mense te genees met een of ander magiese krag of om mense skade te berokken ook deur een of ander magiese krag. Daar word beweer dat dit nie Sataniese krag is nie, maar ons weet van beter. Daar is net twee magte - GOD en die mag van die bose.

Alles wat deur middel van hierdie poppie gedoen word is boos. Enige genesing wat nie in die naam van Jesus plaasvind nie, is 'n valse genesing. Meeste van die tyd word dit gebruik om ander mense siek te maak, kwaad aan te doen en dood te maak. Nou wat anders is dit as 'n bose katpop? Wat wil die kat ons kinders leer? Om "Voodoo" te aanvaar as goed en reg?

2Kron 33:6 Ook het hy self sy seuns deur die vuur laat deurgaan in die dal van die seun van Hinnom[afgodery] en met goëlerij en verklaring van voortekens en towery omgegaan en dodebesweerders en waarsêers aangestel; hy het baie gedoen wat **verkeerd was in die oë van die HERE, om Hom te terg.**



*Emmanuel Osunkoya, Chicago, USA*

"My father before he passed away 30 years ago used to be a voodoo priest. The short period I lived with him I know that voodoo power existed. This power is evil and they use it to do evil things. A voodoo priest can use his voodoo power to kill and torment people. I do not believe any good things can come out of voodoo. The power of voodoo is limited. Anyone who believes in Jesus Christ has greater spiritual power than any voodoo man or woman."



## 'Engeltjie' of duiweltjie?

Die Skrif leer ons dat daar nie so iets is soos 'n 'engeltjie' nie, en ook nie 'n engel in die vroulike geslag nie. Slegs in die manlike geslag.

1Kron 21:27 En die HERE het die engel beveel om sy [nie haar ] swaard weer in die skede te steek.

Dan leer die Woord ons ook dat engele oor geweldige krag beskik.

2Kon 19:35 En in dieselfde nag het die engel van die HERE uitgetrek en in die laer van die Assiriërs honderd vyf en tagtig duisend verslaan; en toe hulle die môre vroeg hul klaarmaak—was dit almal dooie liggame!

"Hello Kitty" word hier voorgestel as 'n 'skattige engeltjie' met 'n blomme kransie op haar kop en terselfdertyd ook as 'n knipogende 'oulike' duiweltjie. Hy lyk tog so onskuldig. Amper net so oulik as die 'engeltjie.' So word die kinders gebreinspoel dat Satan eintlik "cute" is. Hoe leer ons nou hierdie kinders dat Satan in werklikheid ons groot vyand is, wat net gekom het om te steel, te slag en te verwoes.

Joh 10:10 Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.

1Pet 5:8 Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die **duiwel, loop rond soos 'n** brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.



Hierdie gedeelte is werklik GODSLASTERLIK !!!!!

"Hello Kitty" en die laaste Avondmaal:

In die oë van die vervaardigers van hierdie bouse kat, was daar blykbaar 'n foutjie met die laaste avondmaal. "Hello Kitty" is dan uitgelaat! Daar en dan het hulle toe die vermetelheid om haar op JESUS se plek in te plak!!!!



"Hello Kitty" Christus: [Hello Kristo]->

En asof dit nie erg genoeg was nie, 'hang' hulle sommer vir "Hello Kitty" aan die kruis ook.


En raai wat? Hier word sy sommer 'n oompie met 'n baard! Kyk na die bloed op die 2 voorpote.

Sy is volgens hulle nou ons redder en verlosser en sy moet nou aanbid en geëer word? LASTER !!!

Verdorwenheid van die laaste dae:

2 Tim 3:2 (b) LASTERAARS !!!!!

Duskant die wederkoms van Jesus.





Volgens die vervaardigers gaan "Hello Kitty" ook aan die einde van jou lewe jou siel kom op eis????

En om haar aanbidding nog verder te voer kan jou familie jou begrawe in 'n "Hello Kitty" kis en soos ons verstaan is daar "Hello Kitty" grafstene ook beskikbaar!!!

Skygbaar is oud en jonk, klein en groot verslaaf aan hierdie onheilige kat produkte. Dit is 'n manie by sommige mense. Hulle koop alles van die kat waarop hulle hul hande kan lê. { Die kat is 'n god 'n GOUE-



KALF } EERSTE GEBOD !!

Exo 20:3 Jy mag geen ander gode voor MY aangesig hê nie.

Deut 6:13 (a) Jy moet die HERE jou GOD VREES EN HOM DIEN. { Heb 9:27

En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel. } U sal eendag voor GOD moet rekenskap gee !! DAAR IS LEWE NA DIE-DOOD. LUK 16: 19-31

"Hello Kitty" propageer eet-steurnisse:

Terwyl hiedie produk so 'n groot aanhang het onder jonk en oud , word sy beskou as die rolmodel van baie kinders en jongmense.

Ongelukkig oefen sy nie 'n goeie invloed uit op hierdie geslag nie.



Hier moedig sy bulimia aan. Eet jouself oorhoeks en daarna gaan jy net badkamer toe en druk jou vinger in jou keel. En so bly jy maer.

Dit is wat sy "staying pretty" noem?

"Hello Kitty" Ecstasy:

Daar is selfs produkte wat die gebruik van dwelms sterk aanbeveel.

Amerika:

Onwettige Tiener Dwelm-misbruik  
2003:

Graad 8 - 30.3%  
Graad 10 - 44.9%  
Graad 12 - 52.8%

Meer as 60% tieners sê dat dwelms verkoop, gebruik en gestoor word by hul skole.

Suid-Afrikaanse statistieke kon ongelukkig nie opgespoor word nie.

Misbruik van dwelms vermeerder daaglik.

Dit is Hello Kitty Ecstasy!!



## "Hello Kitty" Cocaine Straw:



Die anti-narkotiese polisie van Gautemala het hierdie "Hello Kitty" "Cocain" gevind toe hulle op die 13de April 2011, beslag gelê het op 1,2 ton kokaine wat op pad was na Mexico.

Is dit dan vreemd dat daar ook 'n "Hello Kitty" strooitjie is om die kokaine mee op te snuif?



Daar is ook "Hello Kitty" pype om dwelms mee te rook. Dit is nou alles in die naam van 'n 'onskuldige' ou katjie!



Dan is daar nog verskillende "Bongs" ook en selfs 'n "Hello Kitty" LSD tattoo. Dit is voorwaar 'n bose besigheid geïnspireer deur Satan self.

## "Hello Kitty" - poef pasta - tandepasta:

Dit is wat hulle dit noem. Dit word glo van "Hello Kitty" se poef gemaak en kom in 'n aarbei geur. Al weet ons dit is nie regtig poef nie, wat leer dit ons kinders? Om maar al die drek wat die duiwel aanbied soos soetkoek op te eet! Aan die einde gee dit nie 'n aangename reuk af, soos tandepasta veronderstel is om te doen nie, maar dit is 'n reuk van die dood tot die dood en nie 'n reuk van die lewe tot die lewe nie.



2Kor 2:14 Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus en wat die reuk van sy kennis deur ons oral versprei.

2Kor 2:15 Want **ons is 'n aangename** geur van Christus tot eer van God onder die wat gered word en onder die wat verlore gaan;

2Kor 2:16 **vir die laaste 'n reuk van die dood tot die dood, maar vir die eerste 'n reuk van die lewe tot die lewe. En** wie is tot hierdie dinge bekwaam?



"Hello Kitty" draadjies, of treinspore, soos die kinders dit noem:

Iemand by Sanrio het duidelik gedink dat hier 'n goeie geleentheid is om nog meer geld uit die "Hello Kitty" dwepers te maak.



"Hello Kitty" Krone, valstande, ens:

Wanneer jou tande nou die dag gedaan is van al die "Hello Kitty" tandepasta, treinspore en krone dan skakel jy net oor na "Hello Kitty" valstande!

'n "Hello Kitty" kroon.



1 Kor 3:16 Weet julle nie dat julle n tempel van GOD is en die GEES van GOD in julle woon nie ??

Ver 17 As iemand die tempel van GOD skend, sal GOD hom skend; want die **tempel van GOD is Heilig, en dit is julle'**

1 Pet 3 :3 **JULLE VERSIERING MOET NIE UITERLIK WEES NIE : .....**



1 PET 1:15 Maar soos HY wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel **HEILIG WEES.**

**VERS 16 OMDAT DAAR GESKRYWE IS : WEES HEILIG WANT EK IS HEILIG**

Hello Kitty op die voortande.



Valstande.

"Hello Kitty" Tatoeering:



Dit is maar 'n druppel in die emmer. Daar is nog honderde verskillende "Hello Kitty" tatoes wat mense oral op hul liggame aanbring.

Lev 19:28 Julle mag ook **ter wille van 'n dooie geen** snye in julle vlees maak nie en geen ingeprikte

tekening in julle vel maak nie. Ek is die [HERE](#).



Dit is vir ons opvallend dat verskeie van die "Hello Kitty" produkte ietwat 'bloeddorstig' vertoon.

Is daar nie alreeds genoeg geweld in die wêreld nie? Is die kat nie besig om nog meer geweld aan te blaas nie ???



"Hello Kitty" word ook voorgestel as 'n Feetjie en 'n Meermin:



Terwyl ons ons kinders leer dat daar nie so iets soos feetjies of 'n meerminne is nie.

Die feetjie met haar towerstaffie! Towerstaffie???? Wat sê die Bybel van toordery?

Deut 18:10 Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan—wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of **towery** omgaan nie,

Meermin? Het GOD in SY alwysheid meerminne geskape? 'n Skep-sel wat nog vis, nog vlees is? NEE! Dit is 'n skepping van Satan. Alles wat verwronge en buite verhouding is kom van hom af. Hy kan NIKS goeds skep nie. Hy verwoes net alles wat GOD geskape het.



Wat van 'n "Hello Kitty" voertuig?



"Hello Kitty" kombuistoebehore:



"Hello Kitty" rekenaars:



Dit grens absoluut aan verafgoding! "Hello Kitty" het sommige mense se God geword!



Bronnelys:

<http://www.sanrio.com/>

<http://dlministries.wordpress.com/2012/03/12/hello-kitty-cult/>

<http://www.kittyhell.com/>

[http://www.crossroad.to/articles2/2003/hello\\_kitty.htm](http://www.crossroad.to/articles2/2003/hello_kitty.htm)

E-pos: konanja333@gmail.com

Die Here seën U !!!

